




LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 35
2 November 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018

OMGEE



Daar is nou pienk OMGEE sleutelhouers te koop teen R5 by Mevrou Linda van Wyk. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. **Daar wag 'n baie spesiale verrassing vir leerders wat deursettingsvermoë en toewyding getoon het gedurende die jaar en al 6 die sleutelhouers versamel het.** Die tyd raak nou min!

Waarvoor staan die pilaar van OMGEE?

Iemand wat OMGEE doen die volgende:

1. Is lief vir ander mense om hom/haar.
2. Is lief vir hom/haarself.
3. Sê altyd "asseblief" en "dankie".
4. Help mense en diere in nood.
5. Vergewe ander.

Kom ons bou saam aan 'n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

To make a difference
in someone's life you don't
have to be brilliant,
rich, beautiful, or perfect.
You just have to care.

-Mandy Hale



BEGROTINGSVERGADERING 2019

Neem asseblief kennis dat die begrotingsvergadering wat 29 Oktober sou plaasvind verskuif word na 9 November 2018 om 13:00 in die skoolsaal. Die vergadering gee elke ouer 'n geleentheid om deel te wees van die bespreking en goedkeuring van die 2019-begroting. Die begroting is by die kantoor beskikbaar vir besigtiging.

Volgens wetgewing moet 'n skool se begroting deur die ouers goedgekeur word. Alle ouers moet dus teenwoordig wees vir die goedkeuring van 2019 se begroting. Neem die geleentheid aan om u inset tot die bedryf van Laer Volksskool te lewer.

Die begroting is by LVS kantoor vir u ter insae.

GRAAD 7-TOER

Aangesien die Burgerstrandhuis in Kaapstad, besig was met herstelwerk, kon die Graad 7's dit nie hierdie jaar besoek nie. As alternatief het hulle 'n besoek aan Jeffreysbaai en Port Elizabeth gebring. Hulle het o.a. 'n besoek gebring aan African Dawn, die IMAX-teater, hulle vaardigheid probeer wys op die Ysskaatsbaan en van al hulle energie ontslae geraak by Gravity Park op die trampoliene. 'n Toer wat deur een en almal geniet is!

INDIVIDUELE FOTO'S

Individuele foto's van Graad 7 leerlinge word **Maandag, 5 November 2018** gedurende pouse by die skool geneem. Indien u belangstel, stuur asb die korrekte bedrag, R65 saam met u kind. Die boeties en sussies wat in die skool is, kan saam afgeneem word.

KWARTAALPROGRAM

Verander net die volgende op die kwartaalprogram asseblief.

Maandag	5 November 2018	Dag 8
Dinsdag	6 November 2018	Dag 9
Woensdag	7 November 2018	Dag 10
Donderdag	8 November 2018	Dag 1
Vrydag	9 November 2018	Dag 2
Maandag	12 November 2018	Dag 3
Dinsdag	13 November 2018	Dag 4

GRAAD 7 EKSAMEN

Graad 7 leerlinge moet vanaf Vrydag, 9 November tot Dinsdag 13 November 2018 om 09:00 aanmeld vir eksamen en sal na die vraestel verdaag.

SKOOLTYE

Graad 1 – 7 leerlinge begin vanaf Woensdag, 14 November 2018 om 08:00 en verdaag om 12:00.

SPORT**BUITEMUURSE PROGRAM**

Alle buitemuurse aktiwiteite is klaar vir hierdie kwartaal.

SWEM

Ons jaarlikse pretgala vind op Dinsdag, 6 November 2018 by die swembad by HVS plaas. Almal wat 'n lengte kan swem word aangemoedig om deel te neem. Daar gaan ook 'n item vir die Gr. 1 en 2 leerders wees om 1 lengte met 'n bordjie te skop – vir die wat nog nie Vryslag, of Rugslag of Borsslag so goed kan swem nie. Die Aflosse, in spanne, behoort vir groot pret te sorg!

Inskrywings vir die gala word alles by die swembad gedoen. Sien die verdere besonderhede van die gala, in die briefie.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Vriendskap is 'n kosbare ketting
met skakels van suiwer goud -
dit word met die jare net mooier,
want vriendskap word nie oud!

Spreuke 17:9

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803